



eduresourceza.com



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

SEPTEMBER 2013

REKENINGKUNDE NASIENGIDS

ALGEMENE REELS:

1. Ken volpunte vir die korrekte finale antwoorde toe. Indien die antwoord verkeerd is, merk die bewerkinge. Indien die bewerkingsbedrag as die finale antwoord gegee word, ken die werk-met punt toe.
2. "Metode" punte word aangedui met ☒
 - In berekeninge en finale totale moet minstens een deel van die bewerking korrek wees om 'n punt te verdien.
 - In die geval waar die antwoord van 'n vorige vraag gebruik word, kontroleer die oordrag van daardie antwoord.
 - Ignoreer hakies in die state, maar kontroleer die berekening voordat punte toegeken word.
3. Waar leerder gepenaliseer word, kan die punte vir die afdeling nie negatief wees nie. (vreemde items)
4. Waar daar vir vroeë verduidelikings en kommentaar gevra word, ken deelpunte toe. 'n Goeie verduideliking sal gewoonlik die punt noem en dit dan verduidelik. Wees gewaarsku dat leerders soms dieselfde feit net weer anders bewoed. Hierdie merkglyns voorsien sekere verduidelikings-dit is nie omvattend nie. Lees die leerder se antwoord en gee krediet vir sy aanvaarbare interpretasies.
5. Waar nodig, aanvaar geskikte/aanvaarbare en herkenbare afkortings.
6. Hierdie merkglyns is nie omvattend nie. Daar word van opvoeders verwag om self deur die hele vraestel te werk en kan dan aanvaarbare veranderinge binne die raamwerk van die merkglyns aanbring. Lees ook die leerders se verduideliking om die vroeë te interpreteer en gee punte vir geldige verduidelikings (neem taalagterstand in aanmerking.)

Hierdie nasiengids bestaan uit 15 bladsye.

VRAAG 1

LU1(AS4); LU3(AS6)

Versoenings

(40 punte ; 24 minute)

1.1 Bankversoening

1.1.1 Is die saldo volgens die bankstaat gunstig of ongunstig? Verduidelik.

Enige geldige verduideliking ✓✓

Gunstig ✓

Kredietsaldo soos per bankstaat/bank krediteer ons rekening as geld in die bank vermeerder.

3

1.1.2 Tjeknommer 784 behoort nie in die versoeningstaat te verskyn nie. Verduidelik hoekom.

Enige soortgelyke verduideliking ✓✓

Tjek is ouer as 6 maande/tjek is verouderd/tjek is nie meer geldig nie/bank sal nie tjek uitbetaal nie.

2

1.1.3 Tjeknommer 1024 is aan 'n krediteur uitgereik as gedeeltelike betaling van rekening. Verduidelik hoe hierdie tjek aan die einde van die finansiële jaar in die finansiële state te boek gestel moet word.

'n Geldige verduideliking ✓✓

- Bank sal gedebiteer word (bate vermeerder) ✓ en Krediteur sal gekrediteer word (las vermeerder) ✓
- Aan die einde van die finansiële jaar is die rekening nog steeds onbetaald (dit is 'n vooruitgedateerde tjek)
- Slegs geldig na 7 Mei 2013. Daarom moet die inskrywing teruggedra word om die werklike finansiële posisie van die besigheid te weerspieël.

4

1.1.4 Voorsien 'n gepaste (geskikte) rede vir die R880 wat in die versoeningstaat verskyn.

Enige geldige verduideliking ✓✓

- Fout van die bank/besigheid se rekening is gedebiteer met 'n tjek van 'n ander besigheid of eienaar/bankkoste dubbeld verhaal/debietorder.

2

1.1.5 Die groot uitstaande bedrag van die deposito is ondersoek. Daar is vasgestel dat die bedrag van R5 000 'n inkomste van verkope op 2 April 2013 was. Die kassier wat op daardie stadium verantwoordelik vir die deposito's was, het gevolglik bedank. Die bestuur het aanvaar dat die geld nie verhaal sal word nie.

(a) Watter rekeningkundige inskrywing/s moet gemaak word om die boeke aan te suiwer?

Dt Verlies weens diefstal ✓✓ en Kt Bank (verminder die banksaldo) ✓✓

4

(b) Noem en verduidelik die AARP-beginsel wat op bogenoemde aansuiwering van toepassing is.

*Omsigtigheidsbeginsel ✓✓**'n Geldige rede ✓✓*

- Moet die transaksie in 'n pessimistiese manier hanteer omdat daar geen sekerheid is dat die geld verhaal sal word nie.
- 'n Konserwatiewe benadering word gevolg in rapportering oor winste. Moet verliese wat opgespoor word, in ag neem.

4

(c) Maak TWEE voorstelle waarvan die besigheid gebruik kan maak om te verhoed dat so iets weer gebeur. (Interne kontrole).*Twee geldige redes ✓✓✓✓*

- Gereelde toesig/kontroleer deposito's (dokumentasie)/rotering van pligte, ens.
- Verdeling van pligte/aanmanings van banke (SMS'se)
- Maak gebruik van senior bestuurders om deposito's te doen/moniteer of stel gereeld ondersoek in
- Dissiplinêre aksie moet teen oortreders geneem word – afskrikmiddel vir ander werknemers

4

1.2.1 Verduidelik die waarde van die Debiteure-Ouderdomsanalise vir 'n besigheid.*Enige geldige verduideliking ✓✓✓*

- Dit is 'n belangrike deel van interne kontrole vir 'n besigheid – identifiseer debiteure wat nie by kredietterme hou nie – verleen hulp in waar/hoe dissiplinêre stappe geneem moet word.
(deelpunte vir onvolledige antwoord)

3

1.2.2 Bereken Debiteurekontrole se saldo.*5 560 ✓✓ (geen punte vir individuele bedrae)*

2

1.2.3 Indien Z. Nomhle besluit om haar rekening onmiddellik te vereffen, hoeveel sal sy moet betaal? (Toon berekening)

$$740 - 5\% = 703 + 170 = 873$$

✓✓ ✓ ☒ (1 deel korrek om metodepunt te verdien)

4

1.2.4 Indien T. Naicker R500 aan die einde van die maand betaal, hoe sal haar ouderdomsanalise-rekord in die volgende maand verander? (Voltooi die tabel wat voorsien word)

DEBITEUR	+90 DAE	61 – 90 DAE	30 – 60 DAE	HUIDIG
T. Naicker		220	820	1 230
Ouderdomsanalise vir die volgende maand	0 of - ✓	540 ✓✓	1 230 ✓	-

4

1.2.5 Verduidelik TWEE maatreëls wat 'n besigheid kan instel om die betaling van debiteure te verbeter.*TWEE geldige redes ✓✓✓✓*

- Bied korting aan vir vroeë betalings
- Hef rente op oortrokke rekeninge
- "Screen" debiteure (kontroleer kredietverwysings)
- Gereelde aanmanings en telefoonoproepes/SMS

4

VRAAG 1 TOTAAL:

40

VRAAG 2

LU3(AS4)

Voorraadstelsels

(30 punte ; 18 minute)

2.1 2.1.1 Bereken die aankope van kameras gedurende die jaar.

$$60 \times 42 \times 10,80 = 27\,216 \quad \checkmark$$

$$110 \times 44 \times 10,90 = 52\,756 \quad \checkmark$$

$$70 \times 47 \times 11,10 = 36\,519 \quad \checkmark$$

$$40 \times 43 \times 11,05 = 19\,006 \quad \checkmark$$

$$\text{Totale Aankope} = 135\,497 \quad \checkmark$$

5

2.1.2 Bereken die koste van verkope (deur gebruik te maak van geweege gemiddelde metode).

$$\checkmark \quad \checkmark \quad (2.1.1) \text{ hierbo} \quad \checkmark$$

$$\frac{35\,200 + 135\,497 + 13\,550}{(80 + 280) \checkmark} \times 292 \checkmark$$

$$\frac{360}{360}$$

$$= 149\,445 \quad \checkmark \quad (1 \text{ deel korrek om metodepunt te verdien})$$

$$\text{Of : } 512 \times 292 = 149\,504$$

indien afgerond na geweege gemiddelde)

OF

$$35\,200 + 135\,497 + 13\,550$$

$$184\,247 / 360 = 511,7 \text{ OF } 512$$

$$21\,491$$

$$512 \times 42 = 21\,504 \text{ (slotvoorraad)}$$

$$184\,247 - 21\,504 = 162\,743$$

$$184\,247 - 21\,491 = 162\,756$$

6

2.2 Bereken die Brutowins op die verkope van die kameras.

$$\checkmark \quad \checkmark \quad (\text{VRAAG 2.1.2}) \quad \checkmark \quad (1 \text{ deel moet korrek wees om die metodepunt te verdien})$$

$$219\,000 - 149\,445 \text{ of } 149\,504 = 69\,555 \text{ of } 69\,496$$

3

2.3 Bereken die aantal kameras wat verlore (weg) is.

$$(360)$$

$$(80 + 280) - 42 = 318 - 292(\text{verkoop}) = 26$$

$$\checkmark \quad \checkmark \quad \checkmark \quad \checkmark \quad \checkmark \quad (1 \text{ deel moet korrek wees om die metodepunt te verdien})$$

$$\text{of } (80 + 280) - 292 - 42 = 26$$

2 punte vir – 42 indien hierdie metode gebruik word

6

2.4 Stel TWEE maatreëls voor wat hulle in werking kan stel om voorraadverlies te verhoed en te voorkom.

Twee geldige punte ✓✓ ✓✓

- Ordentlike kontrole oor voorraad (dokumentasie, bestellings, ens.)
- Verdeling van pligte/rotasie van pligte (met betrekking tot bestellings, ontvangs van voorraad)
- Sekuriteitskontrole/kameras/opsporingsapparaat

4

2.5 Die eienaar is tevrede met die gebruik van die beswaarde/geweege gemiddelde metode om sy voorraad te waardeer. Jy stem egter nie daarmee saam nie.**2.5.1 Noem 'n ander metode wat hy kan gebruik.**

Eerste in Eerste uit (EIEU) ✓✓

2

2.5.2 Noem TWEE feite om jou antwoord te staaf.

Twee aparte en geldige redes ✓✓ ✓✓

- Hoë waarde van goedere/verkope in individuele eenhede
- Pryse van elke aankope mag aansienlik verskil (EIEU gee pryse van voorraad teen huidige waardes)
- Maklik om voorraadverliese/-tekorte te voorkom

4

VRAAG 2 TOTAAL:

30

VRAAG 3

LU2(AS2); LU3(AS3;AS6)

Vervaardigingsrekeninge en Batebestuur

(55 punte ; 33 minute)

3.1 Bereken die fabrieksbokoste. (Vervaardigingsbokoste)

Indirekte arbeid	37 300
Verbruiksgoedere	19 740 ✓
Huuruitgawe $73\,500 \times \frac{4}{7}$ of $(\frac{24}{42})$	42 000 ✓✓
Water en elektrisiteit $67\,000 \times 75\%$	50 250 ✓✓
Versekering $12\,600 \times \frac{3}{4}$	9 450 ✓✓
Diverse fabrieksuitgawes	36 260
TOTALE FABRIEKSBOKOSTE	195 000 ✓

Geen punte vir bewerkinge -1 vir vreemde items (maks -2)

8

3.2 MAJOLA VOORSIENERS
PRODUKSIEKOSTESTAAT VIR DIE JAAR EINDIGENDE 30 JUNIE 2013

Direkte materiaalkoste (42 000 ✓ + 436 000 ✓ + 24 000 ✓ – 38 875 ✓)	463 125 ✓
Direkte Arbeidskoste <i>Balanserende getal</i>	316 875 ✓
PRIMÊRE KOSTE (24 x 32 500)	780 000 ✓✓
Fabrieksbokoste <i>kontroleer 3.1</i>	195 000 ✓
TOTALE VERVAARDIGINGSKOSTE/ KOSTE VAN PRODUKSIE <i>inspeksie</i>	975 000 ✓

10

3.3

3.3.1 Bereken die direkte materiaalkoste per eenheid

Kontroleer VRAAG 3.2
 $463\,125 \div 32\,500 = R14,25$
 ✓ ✓ ✓

3

3.3.2 Bereken die produksiekoste per eenheid

Kontroleer VRAAG 3.2
 $975\,000 \div 32\,500 = R30$
 ✓ ✓ ✓

3

3.3.3 Bereken die aantal eenhede vervaardig en verkoop om gelyk te breek.

Kontroleer VRAAG 3.2
 ✓ ✓
 $\frac{195\,000 + 110\,500}{R45 - R30} = 20\,366$ of 20367 ✓
 ✓ ✓

5

3.4 Verwys na die Eenheidskoste-tabel wat voorsien word.**3.4.1 Gee 'n moontlike rede vir die verandering in die direkte materiaal koste per eenheid.***Een geldige punt ✓✓**Verduideliking moet VRAAG 3.3.1 hierbo in ag neem.*

- Inflasie/skaarsheid
- Verhoging is meer as die inflasiekoers en daarom kon daar vermorsing gewees het
- Addisionele vervoerkoste/prys van petrol/stoor, ens.
- Swak bestuur en beheer oor voorraad

2

3.4.2 Stel TWEE maatreëls voor wat die besigheid kan gebruik om die koste so laag as moontlik te hou.*Twee geldige en aparte punte ✓✓ ✓✓*

- Kyk daarna om te vervang met goeie kwaliteit
- Oorweeg goedkoper alternatiewe verskaffers/bied na-verkope diens/groot afslag
- Probeer plaaslike vervaardigers (spaar op vervoerkoste)
- Lei werkers op om materiaal effektief te gebruik (verminder vermorsing)

Enige ander geldige verduideliking (gee deelpunte vir onvolledige antwoorde)

4

3.5**ALGEMENE GROOTBOEK VAN MAJOLA VOORSIENERS****TOERUSTING (B5)**

2012 Julie	1	Saldo	a/b	172 000	2013 Jan	1	Bateverkope ✓		22 500 ✓
2013 Jan	1	Krediteurekontrolle ✓	KJ	24 500 ☒			Saldo	o/d	174 000
				196 500					196 500
2013 Julie	1	Saldo	a/b	174 000					

4

BATEVERKOPE (N12)

2013 Jan	1	Toerusting		22 500 ✓	2013 Jan	1	Opgehoopte waardevermindering op toerusting (8 100 ✓ + 1 440 ✓✓)		9 540 ☒
							Bank ✓		6 000 ✓
							Verlies met verkoop van vaste bate ✓		6 960 ☒
				22 500					22 500

9

3.6 Bereken die Waardevermindering op Voertuie wat in die Inkomstestaatsal verskyn.**Voertuig:**

$$133\,499 - 99\,150 = 34\,749 \checkmark\checkmark$$

2

3.7 Jy voel dat die groot verlies met die verkoop van die rekenaars aan die waardeverminderingsbeleid toe te skryf is. Verduidelik.

Enige geldige verduideliking ✓✓✓

- 20% verminderde-saldo metode verleng in die algemeen die leeftyd van die bates.
- Rekenaars (tegnologiese bates) verloor hulle waarde vinniger as gevolg van moderne gevorderde tegnologie.
- Dit is moeilik om van sulke bates ontslae te raak omdat hulle so gou verouderd is. Daarom moet waardevermindering vir hulle vir korter lewensduur voorsiening maak.

(gee deelpunte vir onvolledige/gedeeltelike antwoorde)

3

3.8 Verduidelik waarom afleweringsvoertuig nr. 2 se boekwaarde as R1 aangetoon word.

Enige geldige verduideliking ✓✓

- Algeheel afgeskryf/ten volle in waarde verminder/drawaarde geen of gelyk aan 0.
- Ken waarde van R1 toe vir boekhou-doeleindes.

2

VRAAG 3 TOTAAL:

55

VRAAG 4

LU1(AS5); LU3(AS5;AS6)

Maatskappye: Finansiële State en Vertolking

(85 punte ; 51 minute)

A Finansiële State en Vertolking

4.1.1 Beskryf kortliks die AARP-beginsel wat betrekking het op die aansuiwerings aan die einde van die finansiële jaar.

Paringsbeginsel ✓

Enige geldige rede. ✓

- Inkomstes en Uitgawes word erken en aangeteken in die periode waarop dit betrekking het.
- Uitgawes moet gemeet word teen die inkomstes verdien in 'n spesifieke finansiële jaar.

2

4.1.2 INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR EINDIGENDE 28 FEBRUARIE 2013

BRUTOWINS		314 000	
Ander Inkomste		57 250	
Huurinkomste (51 300 ✓ + 4 860 ✓)		56 160	③ ✓
Wins met verkoop van bate		470	
Oninbare Skulde ingevorder/verhaal		400	✓
Voorsiening vir Oninbare Skulde Aansuiwering (1 075 – 855 ✓✓)		220	③ ✓
BRUTO-INKOMSTE		371 250	
Bedryfsuitgawes		(305 875)	
Salarisse		83 200	
Korting Toegestaan		1 450	
Ouditfooie		5 500	
Direkteursfooie		142 000	
Skryfbehoeftes		7 220	
Diverse Uitgawes		18 400	
Verbruiksgoedere (7 330 ✓ – 1 130 ✓)		6 200	③ ✓
Versekering (6 400 ✓ – 3 200 ✓) of 6400/2		3 200	③ ✓
Oninbare Skulde		830	✓
Waardevermindering (28 000 + 6 375) <i>gegee</i>		34 375	✓
Handelsvoorraadtekort (32 800 – 29 300)		3 500	✓✓
BEDRYFSWINS		65 375	
Rente-inkomste (4 125 ✓ + 1 375 ✓) of $4\,125 \times \frac{4}{3}$		5 500	③ ✓
NETTOWINS VOOR RENTE-UITGAWE		70 875	
Rente-uitgawe ($135\,000 \times \frac{12,5}{112,5}$)		(15 000)	✓✓
NETTOWINS VOOR BELASTING		55 875	
Inkomstebelasting		(22 475)	
NETTOWINS VIR DIE JAAR		33 400	③ ✓

23

-1 elk vir vreemde items (balansstaatrekening) maks -2
 Misplaaste items moet verkeerd gemerk word.

**4.2: MEERA HANDELAARS BPK
BALANSSTAAT OP 28 FEBRUARIE 2013**

	NOTAS		
BATES			
NIE-BEDRYFSBATES		750 380	
Tasbare/Vaste Bates		700 380	
Finansiële Bates: Vaste Deposito		50 000	
BEDRYFSBATES		59 610	✓
Vorrade (29 300 ✓ + 1 130 ✓)		30 430	✓
Handels- en ander ontvangbare bedrae Kontroleer oordrag		25 680	✓
Kontant en Kontantekwivalente (2 500 + 1 000)		3 500	
TOTALE BATES	(5)	809 990	
EKWITEIT EN LASTE			
AANDEELHOUSERSEKWITEIT		631 455	
Gewone Aandelekapitaal		550 000	
Aandelepremie		35 555	
Behoue Inkomste 34 500 ✓ + 33 400 ✓ – (13 200 + 8 800) ✓		45 900	✓
NIE-BEDRYFSLASTE		117 000	
Lening: Sandy Bank (135 000 ✓ – 18 000 ✓)		117 000	
BEDRYFSLASTE	Inspek- teer	61 535	✓
Handels- en ander betaalbare bedrae (Krediteure) <i>Aanvaar verskillende kombinasies van Handels- en ander Betaalbare bedrae</i>		22 360	✓
SAID: (Inkomstebelasting) (22 475 – 20 000)		2 475	✓✓
Aandeehouers vir dividende		8 800	✓
Korttermynlening		18 000	✓
Oortrokke Bank		9 900	✓
TOTALE EKWITEIT EN LASTE	(13)	809 990	

(3)

④

Of 2
punte

25

Onthou die algemene reëls wanneer metodepunte toegeken word
-1 vir vreemde items (maks -3) Balansstaatrekening misplaas, is nie vreemde items nie. Ken die punte toe (-1 vir elke misplaaste item)

HANDELS- EN ANDER ONTVANGBARE BEDRAE

Handelsdebiteure (17 530 ✓ – 830 ✓ + 400 ✓)	17 100	OF 3 PUNTE
Voorsiening vir Oninbare skulde	(855)	✓
Opgelope inkomste (1 375 ✓ + 4 860 ✓)	6 235	OF 2 PUNTE
Vooruitbetaalde uitgawes	3 200	✓
	25 680	

7

4.3.1	(a) Bereken die BEDRYFSVERHOUDING en die VUURPROEFVERHOUDING vir 2013.
BEDRYFSVERHOUDING	VUURPROEFVERHOUDING
Kyk bedrae oorgeplaas vanaf VRAAG 4.2 59 610 ☒ : 61 535 ☒	☒ ☒ ☒ (59 610 – 30 430) : 61 535 Kyk VRAAG 4.2 29 180 Of (25 680 + 3 500) 0,47 : 1 ☒
0,97 : 1 ☒ (3)	(4)

7

(b) Lewer kommentaar op die likiditeitsposisie van die besigheid. Kwoteer/Noem TWEE finansiële aanwysers/syfers om jou argument te ondersteun.

Moet twee van Bedryfsverhouding, Vuurproefverhouding, Debiteure-invorderingstydperk en Krediteure-betalingstydperk noem. ✓ ✓

-1 vir enige ander verhouding wat genoem is (indien meer as drie verhoudings gegee is)

✓ ✓ vir aanhaal van bedrae

✓ ✓ vir elke verduideliking

- Bedryfs- en Vuurproefverhouding het verminder en is baie laer as aanvaarbare vlakke.
- Debiteure neem te lank om hulle rekeninge te betaal (30 dae)
- Krediteure word binne die normale 60 dae wat toegelaat word betaal

6

4.3.2 Aandeelhouers was nie gelukkig met die dividende wat hulle ontvang het nie.

- Bereken die dividend per aandeel (DPA) en die verdienste per aandeel (VPA) vir die huidige jaar.

DPA	VPA
22 000	☒
$\frac{13\,200 \checkmark + 8\,800 \checkmark}{110\,000 \checkmark} \times 100$	$\frac{33\,400}{110\,000 \checkmark} \times 100$
= 20 sent ☒	= 30 sent (30,3) ☒

7

- **Gebruik bogenoemde bevindinge (asook die finansiële aanwysers wat voorsien is) om te verduidelik hoekom die aandeelhouers ongelukkig is.**

Twee geldige verduidelikings ✓ ✓ ✓ ✓

- Die aandeelhouers ontvang 'n laer DPA as die vorige jaar alhoewel die VPA gestyg het.
- Die besigheid het besluit om liewers inkomste te behou i.p.v. nog dividende uit te betaal.
- Verder is die verdienste op aandeelhouersekuiteit hoër as enige alternatiewe belegging (bedoelende dat hulle tevrede behoort te wees) alhoewel die DPA verminder het.

4

4.4 Die maatskappy beoog om al die onuitgereikte aandele in die volgende finansiële jaar uit te reik. Een van die aandeelhouders het 'n direkteur genader en gevra dat hy toegelaat moet word om eerste aandele te koop voordat dit aan die publiek beskikbaar gestel word. Kan die direkteur toelaat dat dit gebeur? Verduidelik.

Enige geldige verduideliking ✓✓

Nee. ✓

- Dit is oneties en teen die Maatskappywet.
- Alle aandele moet geadverteer word en die algemene publiek moet daartoe toegang hê. (Deursigtigheid).
- Die Aandeelhouders is lede van die publiek en moet saam met hulle in die mark meeding om die nuwe aandele. *(ken deelpunte toe vir onvolledige/gedeeltelike antwoorde)*

3

B Oudit en Professionele Liggame

4.5 Verduidelik waarom dit vir die onafhanklike ouditeur belangrik is om lid van 'n professionele liggaam soos SAIGR te wees.

Enige geldige rede ✓✓

- Versekering van kennis van rekeningkunde en ouditbeginsels/verseker eenvormigheid of standaardisering van behandeling van finansiële inligting
- Gedurige professionele opleiding/gebind deur professionele gedragskode/kan nie nalatig wees in uitvoering van hul pligte nie

2

4.6 Gee 'n voorbeeld van die bewyse wat die ouditeur sal gebruik om 'n ouditeursverslag saam te stel.

Enige geldige punt ✓✓

Enige een van:

- bateregister;
- voorraadregister;
- rekord van debiteure en krediteure;
- joernale en dokumente, ens.

2

4.7 Wat word met “op 'n toetsbasis” bedoel? Verduidelik.

Enige geldige punt ✓✓

- Ouditeure maak gebruik van steekproewe (hulle kontroleer nie elke dokument of prosedure nie) en spreek 'n opinie uit op grond van die steekproef wat hulle gedoen het.

2

4.8 Verduidelik waarom die maatskappy met die ouditeursverslag tevrede behoort te wees.

Enige geldige punt ✓✓

- Dit is 'n ongekwalifiseerde verslag. Geen materiële foute/probleme ontdek nie/ouditeure is tevrede dat aanbieding regverdig is/die state betroubaar is.

2

VRAAG 4 TOTAAL:

85

VRAAG 5

LU1(AS5)

Kontantvloeï en Vertolking

(45 punte ; 27 minute)

5.1

ALGEMENE GROOTBOEK VAN HONEY DEW BPK

SAID: INKOMSTEBELASTING (B9)

2013 Feb	28	Bank	KBJ	67 000	☒	2012 Mar	1	Saldo	a/b	8 000	☒
						2013 Feb	28	Inkomstebelasting	AJ	54 000	☒
								Saldo	o/d	5 000	☒
				67 000						67 000	
2013 Mar	1	Saldo	a/b	5 000							

5

GEWONE AANDELE DIVIDENDE (N12)

2012 Aug	31	Bank	KBJ	20 000	☒	2013 Feb	28	Verdelingsrekening	GJ	65 000	☒
2013 Feb	28	Aandeelhouders vir Dividende	AJ	45 000	☒						
				65 000						65 000	

5

5.2

KONTANT GEGENEREER VAN BEDRYFSAKTIWITEITE

Nettowins ... Voor Belasting ✓		180 000 ✓
Aansuiwerings vir:		
Waardevermindering		88 500 ✓
Rente betaal		23 100 ✓
		291 600
Kontantveranderinge in bedryfskapitaal		(117 900)
Toename in voorraad (290 000 – 200 000)	1 punt vir die bedrag en 1 punt vir die korrekte gebruik van die hakie	(90 000) ✓✓
Toename in debiteure (192 500 – 160 000)		(32 500) ✓✓
Toename in krediteure (77 000 – 72 400)		4 600 ✓✓
KONTANT DEUR BEDRYWIGHED GEGENEREER operasie		173 700 ☑

11

5.3: Uittreksel uit Kontantvloeistaat

KONTANTVLOEI VAN FINANSIERINGSAKTIWITEITE	operasie	195 000	☒
Opbrengs van aandele uitgereik (200 000 ☒ + 55 000 ☒)		255 000	☒
Terugbetalings van nie-bedryfslaste (lenings) (120 000 – 180 000)		(60 000)	☒
Uitvloeï en Invloeï moet getoon word om punte te kan verdien			

6

5.4 Bereken die Netto Batewaarde (NBW) per aandeel soos op 28 Februarie 2013. (NBW vir 2012 : 275 sent)

$$\frac{(600\,000 + 135\,000 + 131\,000)}{300\,000} = 289 \text{ sent} \quad \checkmark$$

5

5.5 Nuwe aandele word teen 255 sent per aandeel uitgereik. Lewer kortliks kommentaar op die prys van die nuut uitgereikte aandele.

Enige geldige punt $\checkmark \checkmark \checkmark \checkmark$

- Alhoewel aandele teen 'n premie van 55c aangebied word, is dit nog steeds minder as die NBW van 275 sent van 2012.
- Die NBW het verhoog na 289 sent.
- Beleggers word 'n goeie prys aangebied – moontlik om die verkope van die aandele aan te moedig en die belegger se vertroue in die besigheid te herstel.
- Dit is ook goed om na die markprys van die aandele te kyk.

4

5.6 Is die maatskappy hoog- of laaggerat? Verduidelik jou antwoord deur gebruik te maak van 'n geskikte verhouding/aanwyser.

Skuld : Ekwiteits-
verhouding $\checkmark$
120 000 : 866 000
0,12 : 1 $\checkmark$

- Baie laaggerat. Die besigheid maak nie veel van geleende kapitaal (lenings) gebruik nie. In plaas daarvan reik hulle meer aandele uit.
- Kan oorweeg om meer effektief van lenings gebruik te maak. (positiewe "gearing")

$\checkmark \checkmark$ vir verduideliking.

5

5.7 Identifiseer TWEE moontlike maniere hoe die fondse (verkry deur die uitreiking van nuwe aandele) aangewend is.

Enige 2 redes $\checkmark \checkmark \checkmark \checkmark$

- Lening is betaal
- Voorrade vermeerder
- Oortrokke bankrekening is afbetaal

4

VRAAG 5 TOTAAL:

45

VRAAG 6

LU2(AS3) ; LU3(AS6)

Begroting

(45 punte ; 27 minute)

6.1 Voltooi die volgende tabel deur die korrekte bedrae in die korrekte kolom/me in te vul. *Neem kennis dat bedrae in meer as een kolom ingevul kan word.*

NR	INLIGTING	KONTANTBEGROTING		GEPROJEKTEERDE INKOMSTESTAAT	
		ONTVANGSTE	BETALING	INKOMSTE	UITGAWE
(a)	Verwagte kontantverkope van R7 400 per maand teen 'n winsopslag van 25% op kosprys.	7 400 ✓		7 400 ✓	5 920 ✓✓
(b)	'n Ou rekenaar met drawaarde van R4 400 sal in die volgende maand vir R2 500 kontant verkoop word.	2 500 ✓			1 900 ✓✓
(c)	Waardevermindering op toerusting word op R950 per maand geraam.				950 ✓
(d)	'n Jaarlikse versekeringspremie van R5 200 was per tjek betaal. R1 200 is vir die volgende finansiële jaar.		5 200 ✓		4 000 ✓

10

6.2.1 Bereken die persentasie goedere wat op krediet verkoop word.

OF

As Augustus se bedrae gebruik word

(15 500 + 46 500) = 62 000 [totale verkope vir Julie]

$$\frac{46\,500}{62\,000} \times 100 = 75\% \quad \checkmark$$

$$(16\,000 + 48\,000) = 64\,000$$

$$\frac{48\,000}{64\,000} \times 100 = 75\%$$

3

6.2.2 • Bereken die bedrae verteenwoordig deur (a), (b) en (c) op die debiteure-invorderingskedule.

(a) $46\,500 \times 55\% \checkmark = 25\,575 \quad \checkmark$

(b) $48\,000 \times 30\% \checkmark = 14\,400 \quad \checkmark - 2\% = 14\,112 \quad \checkmark$

(c) (a) hierbo (b) hierbo
 $6\,120 + 25\,575 + 14\,112 = 45\,807 \quad \checkmark \checkmark$ (inspekteer)

7

• Beheer die besigheid hulle krediet effektief? Motiveer jou antwoord deur gepaste bedrae van gegewe inligting te kwoteer.

Nee. ✓

✓ vir bedrae ✓✓ vir verduideliking

- Kredietterme is 30 dae. Daar word verwag dat net 30% van debiteure gaan betaal. (Begroot) – dit mag wees dat die 2% afslag nie 'n goeie inisiatief/aansporing is nie.
- Selfs van die R48 201 wat in Julie ontvang moes word, is slegs R41 120 ontvang. Daar word nie genoeg druk op debiteure geplaas om betyds te betaal nie.

4

6.2.3 Bereken die persentasie verhoging van Huurinkomste.

$$\frac{315 \checkmark \checkmark}{(4\,815 - 4\,500)} \times 100 = 7\% \checkmark$$

4

6.2.4 Bereken die bedrag rente op die belegging. (Verwys na punt 7)

$$3\% \text{ per kwartaal (12\% p.j.)} \\ \checkmark \checkmark \\ 8\,755 \times (3 \div 103) = R255 \checkmark$$

3

6.2.5 Gebruik die inligting in punt 4 en 5 en bereken die waarde van (d).

$$\text{Julie se totale verkope} = (46\,500 + 15\,500) = 62\,000 \checkmark \times \frac{100}{125} \checkmark = 49\,600 \checkmark - 6\% = 46\,624 \checkmark$$

4

6.2.6 Gebruik die inligting in punt 6 en bereken die waarde van (e).

$$12\,600 \div 3 = 4\,200 \checkmark \text{ elk } \times 108\% = 4\,536 \checkmark \times 4 = 18\,144 \checkmark$$

$$\text{Of } \frac{12\,600}{3} \times 4 \times \frac{108}{100} = 18\,144$$

3

6.2.7 Behoort die werknemers tevrede te wees met die salarisverhogings wat hulle gaan kry? Motiveer jou antwoord.Ja of Nee $\checkmark$ Verduideliking $\checkmark \checkmark$ **Ja.** Dit is bo die inflasiekoers van 6 – 7 %.**OF****Nee.** Dit is amper dieselfde as die inflasiekoers en dra nie by tot die verbetering van hulle lewensstandaard nie.

3

6.2.8 Identifiseer TWEE betalings wat na jou mening swak bestuur word. Gee raad aan die bestuurder hoe hy die interne kontrole op die items kan verbeter.**• TWEE BETALINGS:**Telefoon/Skryfbehoeftes/Onttrekkings (Enige 2) $\checkmark \checkmark$ **• RAAD:**Een geldige verduideliking $\checkmark \checkmark$

- Moet ondersoek instel hoekom hulle meer as die begroting spandeer het.
- Moontlike misbruik van maatskappy se bronne deur werknemers.
- Verbeter die gebruik van papier en teken aan/beperk die gebruik van die telefoon/stel skakelcodes in, ens.

4

VRAAG 6 TOTAAL:

45

GROOTTOTAAL: 300